# EUCHARISTIESE GEBED III

Die Selebrant alleen

Met hande uitgestrek bid die Selebrant:

Waarlik heilig is U, o Heer,
en alles wat U geskep het, loof U tereg,
want deur u Seun, onse Here Jesus Christus,
skenk U, deur die krag en werking van die Heilige Gees,
lewe aan die ganse skepping en heilig dit,
en U hou nooit op om 'n volk vir U te versamel nie,
sodat, van die opkoms van die son tot sy ondergang,
'n rein offer aan u naam opgedra mag word.

Die Selebrant met alle mede-Selebrante

Hy bring sy hande bymekaar,
strek hulle uit oor die offergawes en sê:

Daarom smeek ons U nederig, o Heer:
Heilig goedgunstiglik
deur dieselfde Gees hierdie diensoffer,
wat ons vir heiliging voor U bring,

Hy bring sy hande bymekaar en maak die Kruisteken
eenkeer oor beide die brood en die kelk, terwyl hy bid:

dat dit die Liggaam en ✠ Bloed,
van u Seun, onse Here Jesus Christus, mag word,

Hy bring sy hande bymekaar.

op Wie se bevel ons hierdie geheimenisse vier.

In die voorgeskrewe formulier wat volg, moet die woorde van die Here **duidelik** en **helder** uitgespreek word, soos wat die aard van hierdie woorde dit vereis.

Die ©AMPTELIKE VERTALING 2013. soos goedgekeur deur die Suider-Afrikaanse Katolieke Biskoppe Konferensie, voorberei deur die Afrikaanse Taal Pastorale Streek van dieselfde Konferensie.

Want in die nag waarin Hy oorgelewer is

HY NEEM DIE BROOD, HEF DIT EFFENS OP EN SÊ:

het Hy self brood geneem,
en U gedank, dit geseën,
gebreek en aan sy dissipels gegee en gesê:

HY BUIG EFFENS:

NEEM EN EET ALMAL HIERVAN,

WANT DIT IS MY LIGGAAM,

WAT VIR JULLE OORGELEWER SAL WORD.

HY TOON DIE GEWYDE HOSTIE AAN DIE GEMEENTE, PLAAS DIT OP DIE PATEEN EN MAAK AANBIDDEND 'N KNIEBUIGING.

DAN VERVOLG HY:

Net so ná die maaltyd

HY NEEM DIE KELK, HEF DIT EFFENS BO DIE ALTAAR OP EN VERVOLG:

het Hy die kelk geneem,
U gedank, die seën gevra
en dit aan sy dissipels gegee en gesê :

HY BUIG EFFENS:

NEEM EN DRINK ALMAL HIERUIT,

WANT DIT IS DIE KELK VAN MY BLOED,

DIE BLOED VAN DIE NUWE EN EWIGE VERBOND,

WAT VIR JULLE EN VIR MENIGE UITGESTORT SAL WORD

TOT VERGIFNIS VAN SONDES.

DOEN DIT TOT MY GEDAGTENIS.

Die ©AMPTELIKE VERTALING 2013. soos goedgekeur deur die Suider-Afrikaanse Katolieke Biskoppe Konferensie, voorberei deur die Afrikaanse Taal Pastorale Streek van dieselfde Konferensie.

HY TOON DIE KELK AAN DIE GEMEENTE, PLAAS DIT OP DIE KORPORAAL EN MAAK AANBIDDEND 'N KNIEBUIGING.

### DIE SELEBRANT ALLEEN

DAN SÊ HY:

Die geheimenis van die geloof.

WAAROP DIE GEMEENTE UITROEP:

Ons verkondig u Dood, o Here,
ons bely u Opstanding totdat U weer kom.

OF:

As ons hierdie Brood eet
en uit hierdie Beker drink,
verkondig ons u Dood, o Heer,
totdat U weer kom.

OF:

Redder van die wêreld red ons,
want deur u Kruis en Opstanding
het U ons vrygemaak.

### DIE SELEBRANT MET ALLE MEDE-SELEBRANTE

MET HANDE UITGESTREK BID DIE SELEBRANT:

O Heer, terwyl ons dan
die gedagtenis van die heilsame Lyding van u Seun,
sy wonderbaarlike Opstanding en Hemelvaart vier,
en terwyl ons na sy wederkoms uitsien,
bied ons U met dankbaarheid hierdie heilige en lewende offer.
Aanskou, bid ons, die offerande van u Kerk,
en gee, by die herkenning van die Slagoffer
deur Wie se dood U ons met Uself wou versoen,
dat ons wat deur die Liggaam en Bloed van u Seun gevoed
en met sy Heilige Gees vervul word,
een liggaam, een gees in Christus mag word.

Die ©AMPTELIKE VERTALING 2013, soos goedgekeur deur die Suider-Afrikaanse Katolieke Biskoppe Konferensie, voorberei deur die Afrikaanse Taal Pastorale Streek van dieselfde Konferensie.

### DIE SELEBRANT OF 'N MEDE-SELEBRANT

Mag Hy van ons 'n ewige offer aan U maak,
sodat ons 'n erfdeel saam met u uitverkorenes mag verkry,
veral met die allergeseënde Maagd Maria,
Moeder van God, salige Josef, haar Eggenoot,
u salige Apostels en glorieryke Martelare,
[die Heilige *N.*: Die Heilige van die dag of Beskermheilige]
en al die Heiliges, op wie se voortdurende voorspraak
in u teenwoordigheid ons vertrou vir onfeilbare hulp.

### DIE SELEBRANT OF 'N MEDE-SELEBRANT

Ons bid, o Heer:
Mag hierdie Slagoffer van ons versoening
die vrede en verlossing
van die hele wêreld bevorder.

Laat dit U behaag om u Pelgrimskerk op aarde
te bevestig in die geloof en liefde,
saam met u dienaar *N.*, ons Pous en *N.*, ons Biskop,
die Orde van Biskoppe en almal wat u altaar bedien,
asook die hele volk wat U vir Uself verwerf het. *

### *EIE VORME VIR RITUELE VIERINGE WORD HIER BYGEVOEG

Luister genadiglik na die gebede van hierdie gesin
wat U volgens u wil voor U vergader het:
O barmhartige Vader, versamel in u deernis by U
al u kinders wat oor die wêreld heen versprei is.

TYDENS MISSE VIR DIE OORLEDENES MAG DIE FORMULIER AAN DIE EINDE VAN DIE EUCHARISTIESE GEBED, GEMERK MET * GEBRUIK WORD. DIE VOLGENDE GEDEELTE, WORD DAN UITGELAAT.

Gee goedgunstiglik toegang tot u koninkryk
aan ons afgestorwe broers en susters,
en almal wat U behaag het
en nou uit hierdie lewe heengegaan het.

Die ©AMPTELIKE VERTALING 2013. soos goedgekeur deur die Suider-Afrikaanse Katolieke Biskoppe Konferensie, voorberei deur die Afrikaanse Taal Pastorale Streek van dieselfde Konferensie.

Daar hoop ons om ewigdurend
met die volheid van u heerlikheid vervul te word,

HY BRING SY HANDE BYMEKAAR:

deur Christus onse Here,
deur Wie U alles wat goed is aan die wêreld skenk.

DIE SELEBRANT ALLEEN OF MET ALLE MEDE-SELEBRANTE

HY NEEM DIE KELK EN PATEEN MET DIE HOSTIE DAAROP EN TERWYL HY DIT OMHOOG HOU, SÊ HY:

## FINALE DOKSOLOGIE

Deur Hom, en met Hom en in Hom,
ontvang U God almagtige Vader,
in die eenheid van die Heilige Gees,
alle eer en heerlikheid tot in alle ewigheid.

DIE GEMEENTE ANTWOORD:

Amen.

HIEROP VOLG DIE KOMMUNIE-RITE

---

TYDENS MISSE VIR DIE OORLEDENES MAG DIE VOLGENDE GEBRUIK WORD.

* Dink aan u dienaar [dienares] *N.,*
wat U [vandag] uit hierdie wêreld na U toe geroep het.

Mag hy [sy] wat een was met u Seun, in 'n dood soos Syne,
ook een met Hom wees in sy Opstanding,
wanneer Hy die afgestorwenes
van die aarde in die vlees sal opwek,
en ons nederige liggaam sal omvorm
na die toonbeeld van sy eie glorieryke liggaam.

Die ©AMPTELIKE VERTALING 2013. soos goedgekeur deur die Suider-Afrikaanse Katolieke Biskoppe Konferensie, voorberei deur die Afrikaanse Taal Pastorale Streek van dieselfde Konferensie.

Gee goedgunstiglik toegang tot u koninkryk
aan ons afgestorwe broers en susters,
en almal wat U behaag het
en nou uit hierdie lewe heengegaan het.
Daar hoop ons om ewigdurend
met die volheid van u heerlikheid vervul te word,
wanneer U alle trane van ons oë sal afvee.

Want deur U, ons God, te sien soos U is,
sal ons vir alle tye soos U wees
en U sonder einde loof,

HY BRING SY HANDE BYMEKAAR:

deur Christus onse Here,
deur Wie U alles wat goed is aan die wêreld skenk.

DIE SELEBRANT ALLEEN OF MET ALLE MEDE-SELEBRANTE

HY NEEM DIE KELK EN PATEEN MET DIE HOSTIE DAAROP EN TERWYL HY DIT OMHOOG HOU, SÊ HY:

## FINALE DOKSOLOGIE

Deur Hom, en met Hom en in Hom,
ontvang U God almagtige Vader,
in die eenheid van die Heilige Gees,
alle eer en heerlikheid tot in alle ewigheid.

DIE GEMEENTE ANTWOORD:

Amen.

HIEROP VOLG DIE KOMMUNIE-RITE

Die ©AMPTELIKE VERTALING 2013. soos goedgekeur deur die Suider-Afrikaanse Katolieke Biskoppe Konferensie, voorberei deur die Afrikaanse Taal Pastorale Streek van dieselfde Konferensie.